Prof. D.H. Steenberg
Departement Afrikaans-Nederlands

DIE NAAMWOORDGEDRAG IN JAN RABIE:

Drie kaalkoppe eet tesame

> *"Der kleine Stoff erlaubt einlässliche Darstellung, der grosse zwingt zum Zusammenschnitt der Handlung auf die wenigen entscheidenden Punkte und Szenen, zu Sparsamkeit auch im Raum- und Figurenentwurf, so dass letzlich der kleine Ausschnitt, der Teil für das Ganze, der Short Story doch gemässer scheint als die auf welche Art auch immer erzählerisch zusammengeschobene Lebensgeschichte."*
>
> *(Klaus Lubbers, 1977 : 54)*

1. TITEL

Wat hier onder die loep geneem word, is die besondere verband wat die titel van die verhaal met die teks vertoon — meer: dat die implisiete outeur in die titel die prinsipe lê vir die woordgedrag in die teks. Dit lê opgesluit in die woord "kaalkoppe", wat sinekdogeïes (Gr. *syn* + *ekdokhe* = saam opneem) na persone verwys. Dus 'n woord wat konvensioneel na 'n gedeelte verwys, word gebruik om na 'n geheel te verwys; 'n woord wat konvensioneel vir een begrip gebruik word, word gebruik om na 'n ander te verwys, soos in die ander soorte metonimie (naamverwisseling). Deur met 'n woord vir 'n deel na 'n geheel te verwys kondig die implisiete outeur in die titel, wat tradisioneel 'n kernagtige samevatting van die teks is, 'n werkwyse vir die woordhantering in die verhaal aan.

2. SPEL VAN DEEL EN GEHEEL

Die verhaal begin met uiterste teenstellings van 'n sinekdogeïese uiting, naamlik die versamelwoord "drie-eenheid" en 'n woord met sirkulêre of heelheidskonnotasie, naamlik "rondom" in reël 1.* "Drie-eenheid" (r.1)

herhaal "drie" en "tesame" in die titel, in ooreenstemming met die aandmaaltydsituasie, soos die "ligte" in r.1 aandui. Hierdie metaforiek het 'n belangrike implikasie vir die verhaal. Die versamelbeeld "drie-eenheid", met gelykwaardige samevoeging van die getalsbegrip en heelheidsbegrip, dra benewens die betekenis van 'groter geheel' die Bybelse verwysingswaarde van 'goddelikheid'/'heiligheid'; dus van 'n bo-menslike sfeer. Dat "kaalkoppe" en sy sinonieme in die gang van die verhaal tien keer herhaal word en hierdie motiewketting van verwoorde liggaamsdele eindig met die pejoratiewe metafoor "verrotte pampoene", dui op 'n aftakeling van die menslike na die plantaardige, met daartussen 'n metaforiese gelykmaking van die figure met dierlike "doppe van oopgekraakte eiers" (r. 2 en 40). Dit dui op 'n afbraakpatroon in die naamwoordgebruik. "Kaal krone" (r.2) vorm 'n belangrike skakel in hierdie oorgang van geheel- na deelnoeming in die verhaal, omdat "krone" albei hierdie soorte betekenis dra, naamlik dié van rondheid (geheel), sowel as 'deel-van-kop'. Terselfdertyd verbind "kaal" hierdie woord met "kaalkoppe". Daarmee word die vertrekpunt van die afbraakparadigma van 'deel'-naamwoorde in kontras met 'geheel'-naamwoorde in die verhaal begin, soos wat met die onderstaande tabelle vir die naamwoorde en naamwoordgroepe vir die kaalkophoofpersone en ander persone in die verhaal toon. Redundante woorde, wat nie direk skakels in hierdie motiefketting vorm nie maar tog belangrik is vir die sintaktiese samehang van die woordgroep en die geheel, word tussen gewone hakies geplaas. Verduidelikings word slegs met strepe afgesonder:

Reëlnr.	**Kaalkoppe**	**Ander**
1.	Drie-eenheid kaalkoppe kaal krone eierdoppe/metafoor/ monsteragtige misgeboortes/metafoor/ drillende wange monde, verdwergde beentjies	
5.	veelvoudige kenne/veelvoud x deel/ monde wat oopgaap bolagtige neuse, oë	kelner
8.	voue van wange	

• Reëlnommers verwys na De Vries, A.H. 1980. Die Afrikaanse kortverhaalboek. Kaapstad, Human en Rousseau, pp. 65-66.

Alle kursivering is van my.

10.	(kliënte) drie kaalkoppe (drie eiers)	ander mense
15.	drie kaalkoppe vliegende hande monde	 menslike vorms arms, bene, borste, kinderhofie
20.	drie kaalkoppe wange monde	 stukke mens- vlees
25.	drie kaalkoppe oë een kaalkop tweede kaalkop	 kring (toeskouers) (jong meisie) lid van lid boonste helfte van 'n man
30.	derde (kaalkop) mond drie kaalkoppe hande vlieg kwylende monde oë	 skreeuende vrouehoof restaurant/metonimie/ (toeskouers)
35.	bulte van wange eie vingers stukke uit mekaar se lywe liggame warreling van monde drie kaalkoppe (glimwit)	borde vleis kelner
40.	doppe oopgekraakte eiers/metafoor/ drie verrotte pampoene /metafoor/	 die kelner

Die gebruik van naamwoorde wat hier uit die teks gelig is, gee 'n beeld van aftakeling van die persone wat in die verhaal verwoord word. Die 'kristallering' en die kortheid van die verhaal waarna Cloete (1980) verwys, korreleer hiermee. Fyner besonderhede oor die vergestalting van hierdie afbraak verdien nog aandag: Die groot gang van die groteske spel met deelnaamwoorde waarlangs die ondergang en vernietiging van die drie sentrale figure voltrek word, word kunstig versterk met moontlikhede wat die taal bied.

In die woordgroep "verdwergde beentjies" word verkleining met groteske effek naas die hiperboliese woordgebruik in "monsteragtige misgeboortes van drillende wange en monde" (r.5, 6) aangewend. In "monsteragtige misgeboortes" word die groteske ondersteun en uitgehef deur die sterk alliterasie: m-m, g-g en s-s. Daarbenewens skakel hierdie woordgroep met "eierdoppe, oopgekraak", wat eweneens die begrippe 'klein' en 'vergane' saambind. "Koppe" word ook klankmatig telekommunikatief met "doppe" verbind.

Effektiewe kontraswerking vind op verskeie vlakke plaas: Teenoor "verdwergde beentjies", wat pas genoem is, staan die woordgroep wat die begrip 'grootheid in oormaat' dra, naamlik "kaalkoppe ... enorm en geswolle" (r.4) versterk deur baie effektiewe o-o-assonansie. Te midde van die afbraak is daar voortdurend 'n rondheidsmotief aanwesig, wat die afbraak kontrasteer en demp met die heelheidsimbolies wat daarmee opgebou word. Dit is aanwesig in "gepolseerde *krone*" (gesteun deur oo-oo-assonansie), "eierdoppe" en bolagtige neuse", totdat "*kring* toeskouers" (r.26) 'n duidelike kontras met die aftakelende eters vorm. Pas daarna word die heel kring toeskouers egter ook slagoffers van die aftakeling van nie-eters, wat reeds in r. 18 begin met die deelnaamwoorde "menslike vorms", "arms, bene, borste van maagde" en "kinderhofie" aangedui word. Dit word voortgedra in "skeur ... lid van lid" (r.29) "boonste helfte van 'n man" (r.30) en "skreeuende vrouehoof" (r.31). Die beelding van die aftakelingsproses word in die naamwoordgebruik selfs 'n graad verder gevoer tot die talige dissektering van die mens deur te praat van dele van dele van 'n mens, soos in "voue van wange" (r.8) en "bulte van wange" (r.35). Hier vorm die deel-naamwoordparadigma 'n kontras met die logiese betekenis van die woordgroep, omdat "voue van wange" en "bulte van wange" voorspoed en selfs oorvoeding aandui. Uiteindelik word die naamwoordbeelding van die aftakeling afgerond met die geïmprovisseerde herhaling van twee aanvangsmotiewe in die slot van die verhaal, naamlik "eierdoppe, oopgekraak" (r.2) herhaal in die beeld van afgetakeldheid, "soos doppe van oopgekraakte eiers" (r. 40) en op suiwer semantiese vlak van die sinekdogeïese "kaalkoppe" in die titel en die eerste reël, wat herhaal word in die verletterlikte gebruik daarvan in r.41 as eindresultaat van die aftakelingsproses. Die kontraswerking word ook deurgevoer in die omkering van die implisiete outeur se beeldingstegniek. Waar die ruimte ook geraak word deur die aftakeling van die mense, word dit verwoord deur die teenoorgestelde van die sinekdoge, naamlik die metonimiese gebruik van die omvattende vir die inhoud in "die restourant loop leeg" (r. 32).

Uit die aard van die sintaktiese betrokkenheid van ander woorde op die naamwoorde wat 'n belangrike funksie in die narratiewe diskoers van

hierdie verhaal het, word die beelding van die aftakeling ondersteun deur die werkwoordgebruik en telwoordgebruik. Met die opnoem van afsonderlike handelinge van die drie kaalkoppe in hulle deelname aan die vernietiging van mense word die eenheid van die drie by implikasie vernietig:

R.27: "*Een* kaalkop begaan die fout om 'n jong meisie vir 'n saggekookte hoender aan te sien."
R.29: "Die *tweede* kaalkop kap die boonste helfte van 'n man ... netjies af;"
R.30: "die *derde* maak sy mond wyd genoeg oop om 'n skreeuende vrouehoof ... af te byt."

"*Niks* bly oor nie" (r.39) is 'n logiese volgende stap in die aftelling wat hier plaasvind, en "behalwe die drie kaalkoppe ... soos doppe van oopgekraakte eiers" en "die drie kaalkoppe in 'n vullisblik" (r.41) bring 'n hereniging van die kaalkoppe in 'n finale staat van vernietiging, net soos hulle saam eters was (r.14).

Soos die deverbatiewe selfstandige naamwoord "etery" (r.13) 'n durende handeling aandui, word die verloop van die eethandeling aangedui met duratiewe werkwoorde soos *sit, trappel, eet, maal, skeur* en teenswoordige deelwoorde soos "*kwylend* van ongeduld", "drillende wange", "vliegende hande", "duiselende inspanning", "kwylende monde", "stuiptrekkend" en "newelende warreling van die monde". Nader aan die einde van die verhaal word die handeling van die kaalkoppe meer in verband gebring met werkwoorde wat die afloop van 'n handeling aandui, soos *kap, byt, loop leeg, gooi*, terwyl *lyk* weer ten slotte die onherroeplikheid van hulle ondergang aandui. Daarteenoor gaan die kelner se handeling *swyend* voort (r.42).

3. IMPLIKASIES VIR DIE VERHAALKOMPONENTE: PERSONASIES, FABEL, TYDRUIMTE

Die beeld van die wêreld wat die leser uit bogenoemde paradigma kan/moet tot stand bring, is in ooreenstemming met die aard van die kortverhaalartefakt, waarvan enkelheid en kompaktheid die belangrikste distinktiewe kenmerke is. Die personasie word eensydig in hulle betrokkenheid by 'n eetmaalsituasie gebeeld en perspektiwies verwring tot die som van hulle belangrikste uiterlike kenmerke, en nêrens word 'n aanvullende beeld van hulle innerlike gegee nie: Hulle is koppe met verdwergde beentjies, vliegende hande, gapende monde en 'n liggaamsbou wat getuig van voortdurende oorvoeding, soos aangetoon. Hulle degenereer daarby langs die hele spektrum van die bestaan: goddelikheid, dierlikheid, masjienagtigheid ("monde soos groot vleismeulens", r.23) en uiteindelik

plantaardigheid. 'n Skerp kontras met hulle word geskep in die lang skraal, dun (honger?) swyende kelner in sy swart aandpak. Ten spyte daarvan dat die kelner uiteindelik seëvier en daar aanduidings is dat hy sy gewone aktiwiteit voortsit, val 'n sterk fokus op die drie kaalkoppe as hoofligure, soos blyk uit hulle vermelding in die titel, dat die verteller meer oor hulle rapporteer, dat hulle die figure is wat die meeste ontwikkeling toon en genuanseerd aangebied word, en wie se lotgevalle deur die sentrale paradigma van woorde met deelbetekenisse tot die tragiese einde gevoer word. Daarteenoor is daar beperkte vermelding van die kelner in die naamwoordgebruik en gebrek aan nuanses by hom as teenspeler.

Die fabel van die vernietigende eetmaal verloop streng kousaal op surreële vlak (dus sonder om dit ook op reële vlak deur te voer) en word streng chronologies aangebied om die effek van 'n onontkombare noodwendige afloop van so 'n allesoorheersende vraatsug by die lesers op te roep. Deur die surreële en "gekristalliseerde" aanbod en die absurditeit van die handeling van die figure in hierdie verhaal word die leser gedwing om die verhaal allegories te lees. Dus: die kaalkoppe is volgens hulle aanbod allegoriese figure, en die eethandeling is estetiese korrelaat van 'n ooreenstemmende handelingsituasie in die werklikheid waarna die verhaal verwys. Tydruimtelik is die eethandeling gesitueer in 'n klaarblyklik openbare restourant, waarskynlik in die aand, te oordeel aan die vermelding van ligte in die eerste reël, en die vermelding van die aandpak van die kelner. Verdere objektiewe tydsverwysings ontbreek: "die volgende dag se maal" in die slotreël kwalifiseer nie die aandsituasie nie maar dui op 'n herhaling/-voortgang van die swelgery. In ooreenstemming met die afsydige houding van die verteller, wat die duidelikste blyk uit die metafore, byvoorbeeld "eierdoppe, oopgekraak tot misgeboortes", wat vir die kaalkoppe gebruik word, getuig die perspektief van die derdepersoonsverteller van 'n distansiëring tussen verteller en objek. Die kaalkoppe word oral van buite beskou en beskryf na hulle voorkoms en uiterlike handeling, soos dat hulle "kwylend van ongeduld" (r.16) is, teenoor die toeskouers, wat in afgryse vlug. Die verteller dring nie deur tot méér as hulle klaarblyklike honger en vraatsug as motivering vir hulle geobsedeerde optrede nie — 'n distansiëring wat korreleer met die eensydigheid van hierdie figure en die kompaktheid van die genre.

4. KONTEKS EN INTERPRETASIE

Tipologies stem "Drie kaalkoppe eet tesame" ooreen met die werk van die surrealiste, wat ná Wêreldoorlog I hulle toevlug tot die irrasionele geneem het in reaksie op die menseslagting wat deur die maghebbers, wat oor die lot van miljoene mense beskik het, veroorsaak en deur God toegelaat is. Uit die

datering van *Mens-alleen* is dit bekend dat Jan Rabie van 1950 tot 1955 in Parys gewoon het. "Drie kaalkoppe eet tesame" dra die datum Januarie 1950, terwyl die ander verhale in die bundel *21* gedateer is tot Junie 1954. Die verhaal het dus klaarblyklik in 'n na-oorlogse Frankryk ontstaan soos dié van die surrealiste. Surreëel is inderdaad die kerngebeure wat die etery in die verhaal raak: die verandering van die inhoud van die borde na menslike vorms (r.18), dat die kaalkoppe halwe en hele mense kan verslind (r. 27-32) en dat hulle mekaar kan verslind (r.36). Hiermee manipuleer die implisiete outeur die leser om die interpretasiemoontlikhede nie op reële vlak nie maar op allegoriese vlak te soek.

Teen die agtergrond van die na-oorlogse kulturele konteks van die verhaal verskaf die paradoksale metafoor "drie-eenheid kaalkoppe" (r.1) met sy kontras tussen versamelwoord en sinekdogee vir die figure wie se groteske eetmaal die kernverloop van die verhaal vorm, 'n sleutel vir die interpretasie daarvan. Dit is die kaalkoppe wat in hierdie verhaalkonteks 'n "drie-eenheid" genoem word en dus 'goddelik' genoem word. In 'n geparodieerde nagmaalsituasie (kyk Spies 1982 : 454) en in ooreenstemming met die magstryd van die oorlog waarop die mense in die eksterne konteks van die verhaal nog bedag is, word die drie figure in 'n moderne soort euhemerisme in die verhaal ironies 'gode' wat oor die lot van mense en uiteindelik ook oor die lot van mekaar beskik. Die 'gekristalliseerde' woord "koppe" bied in hierdie konteks die moontlikheid vir die leser om die kommunikasiesprong na 'hoofde' (maghebbers, leiers) en/of 'intelligentsia' te maak. In ooreenstemming met hierdie allegoriese interpretasie, sou hulle "vratige" "wellus" (r.8, 21) die semantiese waarde van 'hebsug', 'magswellus' kon kry. Die beskrywing van hierdie figure met die metafoor "drie-eenheid" kan dus dui op selfvergoddeliking of vergoddeliking van die rede. Die selfvernietiging en ondergang van hierdie 'gode' saam met hulle slagoffers kan die tragiese gevolg wees van magsmisbruik, geïnstigeer deur die swyende "kelner". Cloete (1980) plaas hierdie figuur binne die tradisie van die demoniese figure in die letterkunde.

So 'n vertolking van die verhaal het inderdaad implikasie vir die ideevlak daarvan. As die tema gesien word as selfvergoddeliking of magsmisbruik of as die ondergang (dit is aand!) van die Westerse (Christelike?) beskawing, bied die aftakeling van die drie-eenheid die moontlikheid om vertolk te word as die aftakeling van magsfigure wat met die Christendom geassosieer word; dus by implikasie die aftakeling van die Godsbeeld in die na-oorlogse situasie. Van die ander kant bekyk, roep die swyende kelnerfiguur die beeld op van die toelaat van vernietigende magte om die mens ten gronde te rig in die afwesigheid van 'n ware Godsbeeld in die figure wat daarmee geassosieer word.

Die mees blywende indruk wat hierdie verhaal egter by die leser laat, is die noodlottigheid van die afgrond van die vernietigings- en selfvernietigingsdrang by die mens, soos dit hier deur veral die naamwoordgebruik opgeroep word.

BIBLIOGRAFIE

BOTHA, Elize en N.J. Snyman. 1979. Hoogtepunte in die Afrikaanse verhaalkuns. Reuseblokboek nr. 4. Pretoria, Academica.

BRINK, André P. 1977. Jan Rabie se 21. Blokboek nr. 23. Pretoria, Academica.

CLOETE, T.T. 1980. Gekristalliseerde verhaal: Rabie se "Drie kaalkoppe eet tesame". *Tydskrif vir letterkunde* 18 (2) : 42-48, Mei.

DE VRIES, Abraham H. 1983. Kortom: 'n gids by "Die Afrikaanse kortverhaalboek". Pretoria, Academica.

LUBBERS, Klaus. 1977. Typologie der short story. Darmstadt, Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

SPIES, Jan. 1982. Jan S. Rabie (*In* P.J. Nienaber. Perspektief en profiel. Johannesburg, Perskor).